# 5 VLAKKE VAN LEIERSKAP

## 1. POSISIONELE VLAK

Onderste vlak
Laagste vlak
Intree vlak
Mense volg jou a.g.v. jou titel – omdat hulle moet.

## 2. VERHOUDINGSVLAK (Relationship)

*Meeste leiers faal.*
Definisie van LEIERSKAP ➡ invloed
Kan nie invloed hê as jy nie verhouding het nie.
**Gevaar** ➡ kan nie te lank op hierdie vlak bly nie.

## 3. RESULTATE VLAK

Mense volg jou nie net omdat hulle van jou hou nie, hulle volg jou vir wat jy vir die instansie gedoen het.

*"Winnings under the belt"*

## 4. VOORTPLANTINGSVLAK

Mense volg jou vir dit wat jy in hulle lewe belê het.
Mense volg jou omdat jy hulle toerus, hulle beter mense maak.
**Gevaar** ➡ kan nie ander ontwikkel as jy nie jouself ontwikkel nie.

## 5. MENSWEES / RESPEK VLAK

Mense volg jou vir wie jy is / wat jy verteenwoordig.
Baie min.

# KWEEK SAMEWERKING

## 1. SELFMOTIVERING

Kan nie ander motiveer as jy nie gemotiveer is nie.
Kan nie ander entosiasties maak as jy nie entosiasties is nie.
Jy is die vuuraansteker, die "sparkplug".
Doelbewuste keuse.

## 2. DIENSKNEG GESINDHEID

Goeie leiers dien – nie lui nie.
Goeie leiers maak hulle hande vuil, rol hulle moue op.
Goeie leiers is in die span - met die kaptein.
Goeie leiers sit nie op die pawiljoen nie.

**Fil 2:6-9**

6 Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,

7 maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;

8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is.

**Mark 10:45**

Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.

## 3. VISIOENER WEES

**Leier/hoof** ➡ Rigtingaanwyser – hoor by God
Wys die pad – weet waarheen hy op pad is
Doelgerig

**Visieloos** ➡ Geen doelgerigtheid – doelloos – besluitloos
Skep vleeslikheid onder mense
Veroorsaak passiwiteit

**Spr 29:18**

As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos;
"Where there is no vision [no redemptive revelation of God], the people **perish**;" (AMP)

*Perish – run wild, refuse, go back, set at naught*

## 4. VERHOUDINGS BOU

As jy verhoudings het met iemand sal hulle feitlik enigiets vir jou doen.

**Heb 10:24**

En laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor;

1. Vriendelik
2. Loop stadig tussen mense.
3. Komplementeer
4. Waardeer – laat ander altyd belangrik voel.
5. Nooit afbreek nie – wees 'n opbouer.
6. Taktvol, met versigtige oordeel.